SAKE 24 (Beeld)
Friday, 16 April 2010, p. 5

'n Kunstenaarsvoorstelling van die Jabulani Ridge-ontwikkeling, deel van die groter Jabulani Village in Soweto.

Goedkoper Soweto-eenhede vlieg

Eenhede in 'n bekostigbare leefstyl-ontwikkeling van R1 miljard in Soweto word deur gretige kopers opgeraap.

Sedert begin Maart is al 260 eenhede in die ontwikkeling verkoop.

Dié ontwikkeling, wat as Jabulani Village bekend sal staan, sal meer as 4 000 deeltiteleenhede hê. Die eenhede sal gemiddeld 49 m² beslaan en teen R336 000 per eenheid verkoop word.

Jabulani Village sal op 'n perseel langs die Jabulani Mall opgerig word deur Aquarella Investments, 'n vennootskap tussen International Housing Solutions (IHS), Calgro M3 Land en die Jabulani Development Company.

Me. Soula Proxenos, besturende vennoot van IHS, sê die behoeftes van alle voornemende huiseienaars word in ag geneem deurdat daar verskeie tema-ontwikkelings is.

Dit sluit in Jabulani Heights, 'n moderne Afrika-ontwerp, Jabulani Manor, 'n dorpie in 'n Mediterreense styl, Jabulani Ridge, met 'n klassieke moderne styl, Jabulani Estate, 'n landgoed gemik op jong professionele persone, en Jabulani View, 'n tradisionele Toskaanse dorpie.

Bouwerk sal na verwagting in Junie vanjaar begin en die eerste eenhede sal in Maart volgende jaar voltooi word.